

Hoofstuk van die dag: Hooglied 1

> *Hy: “O, hoe mooi is jy, my liefling, hoe mooi is jy!”*
> *Sy: “O, hoe mooi is jy, my liefste, en aantreklik!” (vers 15-16, 2020-vertaling)*

Hooglied is nie ’n boek wat Christus se liefde vir die kerk

(en andersom) uitbeeld nie, hoewel dit in die verlede dikwels so verklaar is. Dit is in die eerste plek liefdesgedigte, waarin ’n meisie en haar kêrel (of bruid en bruidegom) sing van hulle bewondering vir mekaar, hulle hunkering na mekaar en hulle liefde vir mekaar.
’n Belangrike deel van dié liefdesliedere gaan oor begeerte en die liggaamlike aantrekking. Seksuele ondertone (en botone) is volop.
Vermoedelik is dié liedere oorspronklik by bruilofsfeeste gesing. Ons ken vandag steeds dieselfde soort suggestiewe grappies by troues. Dis deel van jong liefde. Dis mooi om te sien en goed om te beleef.
Maar die liefde tussen man en vrou is nie net vir jong liefde nie. Dit moet deel wees en bly van elke huwelik. Jy en jou huweliksmaat behoort steeds vreugde in mekaar te vind, en dit sluit die liggaamlike in. Daarom is dit so belangrik dat jy moeite doen met jou voorkoms en jouself oppas vir jou maat, sodat die vonk in julle huwelik kan bly. God gun dit vir julle.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026